**Woensdag 5 September**

| **Skrifgedeelte: Rigters 3:1-11** | **Fokusgedeelte: Rigters 3:9b, 10a** |
| --- | --- |

# God rig ons vertroue op Hom deur Christus

Die situasie in die land of iets in ’n mens se persoonlike lewe kan die oorsaak wees dat jy moedeloos word.

So het dit ook meermale met die Israeliete ná die intog in Kanaän. Elke keer was dit omdat hulle ongehoorsaam, afvallig en ontrou aan die Here was deur ander gode te dien. Hy het hulle dan deur hulle vyande laat onderdruk en wanneer die volk in hulle nood tot die Here gebid het, het Hy uitkoms gegee. Dit is die tendens wat ons dwarsdeur die boek Rigters kry.

Ná agt jaar se onderdrukking deur die Mesopotamiërs het die Here op die volk se ge-bed uitkoms gegee deur Otniël as rigter aan te wys. Van hom word daar pertinent gesê dat die Gees van die Here op hom was en dat hy oor Israel geregeer het (:10). Hy is deur die Here gestuur om eers die volk na Hom toe te lei. Hulle verhouding met Hom en hulle diens aan Hom moes herstel word. Sodoende kon hulle met vertroue op Hom hulle vyand tege-moetgaan en verslaan.

Soos vir Israel, is daar ook vir jou redding uit die nood; daar is lig en uitkoms, want Christus is óns Redder. Hy het vir die sonde betaal wat ons uitsig versper, en daardeur sy kinders vir ewig aan Hom verbind. Luister biddend na Hom en leef dan deur sy Gees met vertroue op die Here, want “wie op die Here vertrou, is soos Sionsberg wat nie wankel nie en altyd vas bly staan” (Ps. 125:1).

*Sing: Psalm 138-1:4*

*Ds. JB (Jan) du Plessis (Emeritus)*